UMnyango WezeMfundo
Department of Education

Lefapha la Thuto
Departement van Onderwys

# LAERSKOOL FLEUR PRIMARY

P.O. Box 22022, Lyttelton, 0140
Hans Strydom Avenue 236, Lyttelton, 0140

Tel. 012 – 664 5796/7
Fax: 012 – 664 6189

E-pos : fleur@lsfleur.co.za

Geagte ouer. Dankie dat u u kind by Laerskool Fleur kom registreer. Neem asseblief kennis dat volgens departementele opdrag mag slegs die skoolwapen by die vorms gevoeg word en is die vorms dus slegs in Engels beskikbaar. Ons vra dus verskoning vir enige ongerief in hierdie verband.

## RIGLYNE OM TOELATINGSVORM TE VOLTOOI

Om die toelatingsvorm te voltooi moet u die volgende doen:

1. Voltooi die vorm volledig. Maak seker dat al die inligting op die vorms korrek is.

2. Dien **ALLE** verlangde vorms in.

   - **Oorplasingskaart (Graad 2-7 aansoeke).** *Dit bly u verantwoordelikheid om hierdie dokument aan te vra op die laaste dag wat u kind die vorige skool bywoon. Uitstaande dokumente kan die inskrywingsproses vertraag.*
   - **Finale (laaste) rapport (Graad 2-7 aansoeke).**
   - **Afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.**
   - **Afskrif van die leerder se immunisasie (kliniek) kaart.**
   - **Afskrif van albei ouers se ID's.**
   - **Bewys van woonadres (water en ligte of huurkontrak).**

   **ONVOLLEDIGE VORMS SAL DIE TOELATINGSPROSES VERTRAAG.**

3. U moet 'n ontvangsbewys met 'n toegekende nommer ontvang tydens inhandiging. Hierdie nommer sal u adviseer t.o.v. u posisie van:
   • Waglys A – indien u in die skool omgewing woon en/of werk, of
   • Waglys B – indien u buite die skoolomgewing woon.
4. R500 deposito is betaalbaar wat deel uitmaak van die eerste skoolfooipaaiement. Skoolfooie is vooruit betaalbaar elke maand. U sal ook 'n kwitansie ontvang vir betaling gemaak.
5. Teen die einde van Augustus 2012, behoort u ingelig te word of u registrasieaansoek suksesvol is aldan nie.
6. Indien onsuksesvol sal u 'n geskrewe antwoord ontvang met die nodige inligting van die MEC in geval van 'n appél.
7. U kan ook versoek word om 'n ander vorm te voltooi en/of te teken, maar hierdie vorm is nie 'n voorwaarde vir toelating vir u kind in die betrokke skool nie.

Dankie dat u dié aansoek voltooi het. Indien u enige navrae het, kontak asseblief die skool by bo-staande inligting.

NOMMER OP WAGLYS A : ______________________________

NOMMER OP WAGLYS B : ______________________________

DATUM VAN ONTVANGS VAN REGISTRASIEVORM : ______________________________

HANDTEKENING VAN BEAMPTE : ______________________________